

Sing vooraf: Psalm 138:4

-4-

*As in my angs en teëspoed
die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand,
dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk:
Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar,
tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:2, 5

2-

*Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe,
genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees;
wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het,
en in die nood is Hy jou hulp gewees.*

5-

*Hy sal nie altoos twis teen ons ontrou nie
of ewiglik die toorn teen ons behou nie,
want wie kan dra Gods eewige gramskap - wie?
Hy sal met ons nie na ons sondes handel,
ons nie vergeld die boosheid van ons wandel;
Hy straf ons, maar na al ons sondes nie.*

Geloofsbelydenis: Apostolicom

Wet

Na die wet sing ons Psalm 51:5.

5-

*Verberg u oog, die vlammelig wat oor
my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregtighede,
herskep my hart wat wegdwing uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees,
dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees,
en neem u goeie Gees nie weg van my nie.*

Gebed.

Skrifberyming 2-2:3

3-

*Wee hom wat met sy Maker twis,
wat, waar hy net 'n potskerf is,
Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid,
kan dit sy Maker ooit verwyf
dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer;
ons wil die hoë hande eer
wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel,
as kinders, HEER, die werk vertel
waardur U ons verbly het.*

Skriflesing: Romeine 1: 28 - 2: 16. Spreuke 17.

Teks: Spreuke 17:19

Wie twis liefhet, het oortreding lief; hy wat sy deur hoog maak, soek verbreking. (Spr 17:19)

AFR1953)

(Wie hou van aanstoot gee, hou van rusie; wie homself hoog aanslaan, soek sy eie ondergang).

Ons gee vroeg in hierdie jaar aandag aan 'n groot probleem van ons tyd: Skinder en rusiemaak (of twis). Hierdie dinge is sondes waarmee dit nie verby is die oomblik wanneer dit gedoen word nie - die twee sondes gaan gewoonlik hand aan hand, want ons skinder gewoonlik oor mense met wie ons twis en rusiemaak.

- Daar is soms ernstige nagevolge, want die onwaarheid wat iemand loop en verkondig het, gaan die een of die ander tyd die persoon wat hy/sy beskinder het, se ore bereik.
- Op sy beurt gaan hierdie persoon sy eer verdedig, en dan ontstaan daar rusies in die kerk, en baie kere diep verbittering tussen mense wat saam in een gemeente is.
- Somtyds gaan dit so ver dat mense mekaar dagvaar vir laster.

Die Here verdra nie hierdie soort van onverkwiklikheid in sy kerk nie, en daarom waarsku hy die gelowiges daarteen.

- Hy wys daarop dat twis vermy moet word, want die gevolge daarvan is soos 'n damwal wat breek en die mense onderkant die wal in die modder verdrink:
Om rusie te begin, is om 'n damwal te breek; staak liever die getwis voor die vloed jou tref (Spreuke 17:14).

Twis en rusiemaak is van die sondes wat maklik gepleeg word.

- Daarby is daar mense wat hulle daarop roem dat hulle die geaardheid het dat hulle maklik veg: mense moet net nie met hulle moeilikheid soek nie, want hulle is so-en-so reguit en hulle sien een wat hulle sukkel sommer vinnig en maklik op hulle plek.
- Iemand wat so praat, moet tot bekering kom, want 'n gelowige wat sy eie sondeskuld en gebreke besef, en wat die Here waarlik vrees, sal nie maklik 'n uitspraak soos hierdie een maak nie.

Die Bybel waarsku duidelik dat 'n gelowige nie sonder oorsaak met iemand anders moet twis as hy jou geen kwaad gedoen het nie (Spreuke 3:30).

- Dit is baie keer so dat iemand wat met ander loop en rusiemaak, iemand is wat valse getuienis en leuens uitstrooi en tussen mense tweedrag saai.
- Daarom waarsku die Bybel baie direk daarteen.
- Die Nuwe vertaling noem so iemand sommer reguit 'n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers (Spreuke 6:19).

Soos met talle ander sondes is dit ook met hierdie sonde die geval dat dit nie begaan kan word sonder dat daar ander sondes in die gesigsveld kom nie.

- In Psalm 55:10 bid Dawid dat die Here hom moet help teen sy vyande.
(55:10) Verwar, Here, verdeel hulle spraak, want ek sien geweld en twis in die stad. (Psa 55:9 AFR1953)
- In sy gebed sê hy dan onder andere die volgende woorde: **want ek sien geweld en twis in die stad.** (Ek sien geweld en oproer in die stad).
- Die onderlinge oproerigheid was so erg dat Dawid eintlik die Here gevra het om hulle taal te verwar.
(55:10) Verwar, Here, verdeel hulle spraak, want ek sien geweld en twis in die stad. (Psa 55:9 AFR1953)
- Geweld, oproer en rusie gaan in hierdie beskrywing saam.

Twis ontstaan by mense waar die Heilige Gees nie toegelaat word om aan hulle leiding te gee nie.

- Mense wat luister na die Heilige Gees en wat die Here Jesus ken en deur sy bloed versoen is met God, het ook God se liefde in hulle. Hulle sal iemand in liefde vermaan wat verkeerd doen.

- Iemand wat nie bekeer is nie en nie in die versoening deur die Here Jesus Christus deel nie, se hart is uiteraard nog vervul met die haat wat eie is aan die duiwel.
- Daarom openbaar die Here dat daar 'n groot wêreld van verskil is tussen die optrede van iemand wat uit haat optree en iemand wat in liefde met ander mense omgaan.

Die Bybel het 'n paar uitsprake daaroor. In elkeen van hierdie uitsprake word 'n ander eienskap genoem wat 'n deelnemende party is wanneer twis opduik:

- Die een uitspraak praat van haat:
Haat verwek twiste, maar liefde bedek al die oortredinge. (Spr 10:12 AFR1953) (Haat verwek twis; liefde bedek alles wat aanstoot gee).
- 'n Ander uitspraak wat hierby aansluit, wys daarop dat haat en humeurigheid uiteindelik nie veel van mekaar verskil nie. Altwee gaan saam met twis. Luister wat leer die Here:
'n Driftige man verwek twis, maar die lankmoedige laat die geskil bedaar. (Spr 15:18 AFR1953) (’n Humeurige mens soek skoor; 'n verdraagsame mens maak rusies uit die wêreld)

en:

- 'n Opvlieënde mens veroorsaak rusie; iemand wat kort van draad is, doen sonde op sonde (Spreek 29:22).

Dit is merkwaardig dat die Here ons waarsku dat hebsugtige (gierige) mense twis/rusie verwek veroorsaak.

- Daarteenoor leer die Here dat die mense wat op die Here vertrou, voorspoedig is.
- Dit is asof die Here daarmee waarsku dat die mens wat so aan geld en besittings vasklou dat dit eintlik rusie veroorsaak, aan die einde van die dag die een gaan wees wat dit nie sal hê nie (Spreek 28:25).

Op 'n ander plek wys die Here daarop dat iemand wat heeldag loop en twis 'n oneerlike mens is.

- Sy oneerlikheid lei dan tot rusie en verdeeldheid.
- Hoor net hoe het die Here dit laat opskryf:
'n Man van valse streke saai tweedrag, en 'n kwaadstoker skei vriende van mekaar. (Spr 16:28 AFR1953) (Iemand wat die waarheid verdraai, veroorsaak twis, iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende)

Die Here brei hierop uit. Hy wys daarop dat iemand wat rusie soek met ander mense juis *'n verwaande soort van mens* is wat nie omgee om sonde te doen nie.

- Maar, dan wys die Here ook daarop dat hierdie mense uiteindelik ondergaan.
- Hulle word deur God verbreek, sê die Bybel - wat 'n inspelings daarop is dat sulke mense nie in die hemel sal wees nie. [Spreek 17:19: Wie twis liefhet, het oortreding lief; hy wat sy deur hoog maak, soek verbreking (Wie hou van aanstoot gee, hou van rusie; wie homself hoog aanslaan, soek sy eie ondergang).]

Dit is eintlik logies, want jy kan nie op die aarde op een manier lewe, en in die hemel meteens met 'n heeltemal ander lewensstyl vorendag kom nie.

- Die bedoeling van ons lewe op die aarde is onder andere dat ons die Here so moet dien en heilig lewe dat ons hemelse lewe nou al in ons sigbaar is.

Daarom is die standpunt wat so baie van ons het dat ons onskuldig was toe ons geskinder het of rusie gesoek het dat ons "maar net gesê" het, of "net ons opinie gegee het" glad nie waar nie.

- Die Here maak dit duidelik dat die sogenaamde onskuldige rusies nie ongestraf gelaat word nie.
- Trouens, ons weet voor ons die moeilikheid begin al dat ons gestraf gaan word.
'n Dwaas praat hom in 'n rusie in, hy soek slae met wat hy sê (Spreek 18:6).

Wie van ons gaan met die Here stry oor hierdie uitspraak van Hom?

Die Here laat ons geen twyfel oor wat Hy dink of hoe Hy voel oor rusiemakers en skindertonge nie.

- Hy beskou dit as 'n eer vir 'n man om van twis weg te bly.
- Direk daarteenoor kom sy minagting uit teenoor los tonge as Hy sê: "maar elke sot breek los" (Spreuke 20:3).
- Die Bybel waarsku dat sulke twisgierige mense hulle eer verloor, omdat die waarheid bekend gaan word en dan kom hulle in die skande (Spreuke 25:8). Die Nuwe vertaling sê dat hulle dan belaglik gemaak word.

Natuurlik is dit seer as jy belaglik gemaak word.

- Maar as dit jou die dag oorkom omdat jy geloop en moeilikheid soek het, moet jy weet dat jy dit verdien het.
- Salomo het eenkeer gesien hoe so-iets gebeur het. Toe maak hy die opmerking dat iemand wat woedend instorm in 'n rusie wat hom nie aangaan nie, soos iemand is wat 'n kwaai hond sommer aan die ore pak (Spreuke 26:17). Hy gaan verskeur word, en dan moet hy niemand daarvoor blameer nie.

Dit is juis omdat rusie al hierdie onverkwiklikhede in hom het, dat dit dikwels lei tot totale verbreking van bande tussen mense.

- Mense raak so verbitterd teen mekaar dat daar nie weer versoening kom nie.
- Die Here gebruik 'n beeld waarmee Hy dit vir ons beskryf.
 - Hy sê dat iemand wat met 'n rusie skade aangedoen is, soms ontoegankliker as 'n vestingstad word.
 - Die rusie wat die ding veroorsaak het, het die deure tussen die twee mense toegemaak soos die sluitbalk van 'n fort sy hek verseël dat niemand van buite af kan inkom nie (Spreuke 18:19).

Die Here wil nie hê dat gelowiges met sulke mense moet meng nie.

- Die Here beveel dat sulke mense uit die geselsskap verwyder moet word.
- As hulle nie deel van die mense om jou vorm nie, kan hulle nie rondom jou en jou mense kwaad steek nie.
- As daar dan rusies was, sal dit vanself gaan lê. Die Here dra dit met 'n mooi beeld aan ons oor. Hy sê:
Sonder hout bly 'n vuur nie brand nie; sonder 'n kwaadstoker hou 'n rusie nie aan nie. Daar is houtskool nodig vir gloeiende kole, hout vir 'n vuur, en 'n twissiek mens vir rusie stook. (Spreuke 26:20, 21).

Daarom gee die Here die opdrag dat tug oor sulke mense toegepas moet word.

- Die Here wys daarop dat daar vrede kom wanneer sulke mense uitgedryf of weggejaag word.
- Dit staan in Spreuke 22:10:
Dryf die spotter weg, dan gaan die twis weg; en die stryery en die geskimp hou op. (Spr 22:10 AFR1953) (As jy 'n ligsinnige mens wegjaag, hou die rusies op en kom die getwis en beledigings tot 'n end.)

Die Here het destyds 'n rusie gebruik om Lot en Abraham van mekaar te skei.

- Lot se latere geskiedenis in Sodom en sy omgang met sy dogters verduidelik waarom dit nodig was dat hy verwyder moes word uit die verbondshuisgesin.
- Ons lees die geskiedenis in Genesis 13:7, 8
Die Kanaäniete en die Feresiete het ook nog in die gebied gewoon. Daar het toe 'n getwis ontstaan tussen Abram se veewagters en Lot s'n. Toe sê Abram vir Lot: "Daar behoort nie 'n getwis te wees tussen my en jou en tussen my veewagters en joune nie, want ons is

familie.

Die erns van 'n saak soos hierdie raak ons inderdaad almal, want ons sondes en opstandigheid teen die lewe word deur die Here gesien as 'n twis met Hom.

- 'n Voorbeeld is waar die volk sonder water raak en dan oënskyklik met Moses twis, terwyl die saak ten diepste 'n saak teen die Here is.
- Dan kry ons moeilikheid met God self. Ons lees daarvan in Eksodus 17:2, 7 en in Numeri 20:13.

Die Here waarsku verder dat hierdie sonde van twis 'n hele paar familieledede het wat saam met hom rondkuier by mense wat onweloweglik lewe.

- Die lysie wat die Here maak, bevat die volgende sondes: drinkery en uitspattigheid, ontug en onsedelikheid, rusie en jaloesie (Romeine 13:13).
- In die Galasiërbrief (5:20) is daar 'n aansienlik langer sondelys: afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring,

Wat verwag die Here van ons? Mag ons nooit rusie maak nie? Die Here se antwoord is duidelik:

Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis (1 Timoteus 2:8).

Net so duidelik is die opdrag wat die Here vir ons gee in 2 Timoteus 2:24:

'n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra.

Ampsdraers moet spesifiek manne wees wat van niemand kwaadpraat nie en nie rusie soek nie. Hulle moet insiklik wees en altyd bedagsaam teenoor almal (Titus 3:2).

Twis het hierdie element dat dit die mens wat rusie soek onredelik teen God kan maak.

- Hoeveel hoor ons nie die uitspraak: "Ek is kwaad vir die Here" nie?
- Die Here waarsku dat Hy iemand wat met Hom twis verpletter.
- Hy laat nie toe dat iemand met Hom twis nie (1 Samuel 2:10)

Jesaja het eenkeer uitgeroep:

Ellende wag vir hom wat die Een verwyf wat hom gevorm het, 'n potskerf tussen potskerwe van klei. Durf die klei vir die een wat dit vorm, sê: Wat maak jy?

Hy wil dan verder weet of ons die Een wat ons gemaak het, daarvan kan beskuldig dat Hy nie sy hande kan gebruik nie! (Jesaja 45:9)

Dit laat ons met die vraag: Hoe word ek dan uit hierdie sondige en ellendige lewe van my verlos?

Die antwoord is: Deur die Here Jesus Christus.

- Sy kruisdood en twis het baie met mekaar te doen.
- Die Here het Hom uitgelewer aan twis. Voortdurend was die Fariseërs en Skrifgeleerdes met Hom in konflik.
- Nadat die Here Jesus die aand in Getsemane in hegtenis geneem is, het hierdie konflik uitgeloopt op 'n hele string hofsake wat ten diepste net skinderye en twissoekerighede was.
- Daarom kon nie een van die verhore tot 'n werklike beslissing kom nie.

Uiteindelik is Jesus deur 'n wêreldse regter kruis toe gestuur om die mense se gemoedere stil te maak.

- Aan die kruisbalk moes Hy boet vir ons onredelikheid en geskille.
- Daarmee het die Here 'n ou belofte waar gemaak, naamlik dat Hy nie vir altyd sondes toereken nie.
- Hy het gesê dat Hy nie vir altyd toornig bly nie, want anders sou dit die einde van die mense

beteken, die mens aan wie Hy die asem gegee het (Jesaja 57:16).

Die feit dat die Here Jesus vir ons sondes gesterf het (dus ook ons rusiemakerigheid), beteken nie dat ons nou sondeloos is nie.

- Ons moet nog steeds versigtig wees en veg teen die sondes, want die Here leer ons dat mense wat Jesus Christus nie as Verlosser ken en dien nie, vervul is met allerhande ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. (Romeine 1:29).
- Die Here waarsku ons dat alle wêreldsheid onder ons uitgeroei moet word. Hy sê daarvan: **Daar kom jaloesie en twis onder julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle wêrelds gedra nie?** (1Korintiërs 3:3)

Kom ons gee in ons selfondersoek aan hierdie saak aandag - terwyl ons nou in 'n nuwe jaar ingegaan het. Ons maak dit 'n jaar waarin ons teen hierdie sonde gaan veg met hart en verstand.

- Waar ons hierdie kwaal by ons kry, roei ons dit uit,
- en vra die Here opreg vir vergifnis omdat ons met hierdie sonde teen Hom en ons naaste onreg gepleeg het.
- Ons dank Hom vir die genade dat ons deur die Heilige Gees tot insig gelei mag word.
- Ons lewe vorentoe in vrede met ons medegelowiges, terwyl ons mekaar se naam en eer verdedig en troetel.

Laat ons die vrug van die Heilige Gees in onself geniet en doen wat die Here sê: By elke plek van samekoms hef ons ons hande met 'n skoon gewete in gebed tot God op - vry van onmin en twis (1 Timoteus 2:8).

Amen.

Slotgebed.

Skrifberyming 15-7:1, 2, 6.

1-

Hy wat heilig en waaragtig
en omkleed is met gesag,
wat die sleutel dra van Dawid,
hoogheidsteken van sy mag -
daar is niks wat Hom kan hinder,
wat sy magsvermoë stuit,
wat kan sluit as Hy wil open,
wat kan open as Hy sluit.

-2-

Al jou werke sien en ken Ek,
in hul skoonheid blink hul uit.
En Ek het 'n deur gegewe
wat geeneen vir jou kan sluit.
Dat jou krag gering is, weet Ek,
maar jy eer my Woord as skat,
en jy 't nie my Naam verloën
wat die kennis vol omvat.

6-

Op hom sal'k die Godsnaam skrywe,
onuitwisbaar sal dit straal,
met die naam ook van die Godstad
wat van God op aarde daal.

Daar skryf Ek my nuwe Naam ook,
waar hy draer van sal wees.
Laat wie ore het, dan luister
na die roepstem van die Gees.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.
Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 24 Januarie 20101

Sommer net meer inligting:

Hoe moet ons 'n rusie tussen gelowiges hanteer? Die Here waarsku ons in die Nuwe Testament dat ons nie met mekaar hof toe moet gaan nie. Gelowiges los die saak anders op. Ons doen dit in die kerk. In Deuteronomium 21:5 gee die Here die beginsel dat gelowiges wat in 'n rusie of geskil met mekaar beland het, die hulp van die kerklike owerhede moet inroep. Die mense wat deur die Here uitverkies is om Hom te dien en om die gelowiges in die Naam van die HERE te seën, moet met hulle uitspraak elke twissaak afhandel.

Die Here maak egter voorsiening daarvoor dat daar sake kan wees wat nie kerklik opgelos kan word nie. Die Here stel dit so:

Dit kan gebeur dat twee mans in 'n hofsaak betrokke raak en dat die regters uitspraak lewer en die een onskuldig verklaar en die ander een skuldig... (Deuteronomium 25:1).

Die mens wat hierdie pad loop moet net weet dat die een wat verkeerd is hom in fisiese wêreldse straf gaan vasloop.